# Pinocchio projek – aflewering
# 15 Apr 2026

**Vervolg van vorige jare se betrokkenheid!!:**

**Een van Rietvallei se Omgee projekte vir 2026 is steeds bekend as die Pinocchio projek.**

**Pinocchio Kleuterskool is in Daspoort geleë en dit lewer ook voorskoolse diens aan die gemeenskap se kinders uit hoofsaaklik arm ouerhuise. Die projek is verder uitgebrei aangesien daar ook behoefte by die ouers, boeties en sussies van die kindertjies is en sodoende word volwasse klere ens ook aan die kleuterskool geskenk waar toepaslik vir uitdeel.**

**Die versoek is dus dat lede enigiets, nie net breiwerk, kinderklere en speelgoed, kon inhandig wat volwassenes en kinders tussen die ouderdomme 2maande en ouer benodig.**

**Die aflewering van hoofsaaklik klerasie, speelgoed en linne was seer sekerlik ook weereens nog een van ons vele suksesse vir Rietvallei.**

**Die onderstaande boodskap vanaf die kleuterskool is ontvang:**

> ***"Goeie middag Tjaart***
>
> ***Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om elkeen wat 'n skenking gegee het uit ons harte te bedank vir die skenking van klere en speelgoed vir ons skool, dit word opreg waardeer.***
>
> ***Julle maak 'n groot verskil in baie mense en kindertjies se lewens.***
>
> ***Mag u almal geseën word met gesondheid en geluk.***
>
> ***Pinocchio groete***
>
> ***Michèle Visagie"***

**So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale projek betrokke was, ook aan De Meerpaal Aftreeoord vir hul bydrae van klerasie.**

**Groete**

**Tjaart**
**namen Julle.**

# Pinocchio projek – aflewering
## 15 Apr 2026

**Hier volg 'n paar fotobeelde:**

**Karvol?!?!**





**Ek het 'n passasier gehad….**



# Pinocchio projek – aflewering
## 15 Apr 2026

**Kyk hoe mooi is die ingang opgeknap….**




**Barbara neem die items in ontvangs namens Michéle**



